



Verwysing: 20170630-2535  
13/19/3  
Navrae: MC Hollenbach/MR Martin

Eksamenadministrasieminuut: 0005/2017

Aan: Adjunk-direkteurs-generaal, Hoofdirekteure, Direkteure (Hoofkantoor en distrikskantore), Hoofonderwyskundiges, Bestuurder: Kurrikulumondersteuning, Kringbestuurders, Bestuurder: Strategiese Inligting, Beheer en Mensebestuur; Adjunkhoofonderwyskundiges, Assesseringskoördineerders; Vakadviseurs en Hoofde van opvoedkundige inrigtings wat kandidate vir die Nasionale Senior Sertifikaat-, Senior Sertifikaat- en Volwasse Onderwys en Opleiding Vlak 4-eksamens voorberei

**Onderwerp: Verpligte opleiding vir alle prinsipale, hoofopsieners, senior opsieners en distriksbeamptes wat in 2017/18 by die afneem, administrasie en bestuur van die NSS-, SS- en OOV Vlak 4-eksamens betrokke is**

1. Die Nasionale Beleid aangaande die afneem, administrasie en bestuur van die Nasionale Senior Sertifikaat-eksamen vereis dat Provinsiale Onderwysdepartemente moet seker maak dat alle opsieners, ingevolge die huidige beleid, behoorlik opgelei is om die Nasionale Senior Sertifikaat (NSS)-, Senior Sertifikaat (SS)- en Onderwys en Opleiding vir Volwassenes (OOV) Vlak 4-eksamens af te neem.
2. Die Wes-Kaap Onderwysdepartement (WKOD) sal vanaf 21 Augustus 2017 tot 19 September 2017 met 'n provinsiale opleidingsprogram regoor die provinsie begin om te verseker dat alle prinsipale/sentrumbestuurders, hoofopsieners en senior opsieners van alle eksamensentrums toepaslike opleiding ontvang, veral met die implementering van die nuwe eksamenprosedures wat aangepas is om die sekuriteit en integriteit van die eksamenstelsel te bevorder.
3. Vir die 2017 NSS, is dit **verpligtend** vir die prinsipaal/sentrumbestuurder (**hoofopsiener**), twee skoolbestuurspan (SBS)-lede, die senior opsiener en distriksamptenare wat betrokke is by die afneem, administrasie en bestuur van die NSS-, SS- en OOV Vlak 4-eksamens, om hierdie opleidingsessie by te woon.

4. Prinsipale/sentrumbestuurders en hulle SBS'e sal van opleidingsmateriaal voorsien word en sal vereis word om die opleiding en inligting wat gedurende die provinsiale opleidingsessies gedeel is, aan ander opsieners oor te dra.
5. Die instelling van nuwe prosedures vir die verspreiding van die NSS-vraestelle en die bestuur van die antwoordboeke maak die opleiding vir alle partye noodsaaklik om 'n foutlose oorgang na die nuwe stelsel te verseker.
6. Ten spyte van die feit dat opleiding in 2014, 2015 en 2016 verpligtend was, is 'n paar administratiewe en gedragsoortredings en -dade van oneerlikheid in die 2016 NSS-eksamen geïdentifiseer en gerapporteer. Die bovermelde toon duidelik hoe noodsaaklik opleiding van opsieners en prinsipale vir die 2017 NSS-eksamen, die 2018 NSS-aanvullende eksamen (in Februarie/Maart 2018) en die 2018 Junie SS- en OOV Vlak 4-eksamens is.
7. Die skedule wat die opleidingsdatums, tye en lokale per kring en distrik reflekteer, is as **BYLAE A** aangeheg. Die distriksamptenaar(-amptenare), soos aangedui op die opleiding-skedule, sal die logistieke reëlins vir die opleiding koördineer.
8. Bring asseblief die inhoud van hierdie minuut onder die aandag van alle betrokkenes.
9. U begrip en samewerking sal waardeer word.

**GETEKEN:** PAD BEETS

**ADJUNK-DIREKTEUR-GENERAAL: KURRIKULUM- EN ASSESSERINGSBESTUUR**

**DATUM:** 2017-07-07